

BESOEK VAN ADMINISTRATEUR EN UITVOERENDE KOMITEE

Sy Edele die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, mnr. Louis Botha en die vier lede van die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad het op 26 Februarie besoek gebring aan die Nasionale Museum. Gedurende dié besoek is aan die hooggeplaaste besoekers 'n kykie gebied van wat agter die skerms van die Museum aangaan. Ook die 'baba'-veselglasseekoei is van naderby betrag. ☉



Van links na regs: Prof. R. van Pletzen, Voorsitter, Raad van die Museum; mnr. H. Simes, L.U.K.; die Administrateur; mnr. D. Pienaar, L.U.K.; mnr. P. Farrel, L.U.K. en mnr. R. Dreyer, L.U.K.

FLORISBAD WETENSKAPLIKE ADVIESKOMITEE VERGADER

'n Advieskomitee waarvan die hoofsaak is om die Nasionale Museum van advies te dien oor alle aspekte van die wetenskaplike ontginning van Florisbad, is onlangs saamgestel. Dié Komitee bestaan uit verteenwoordigers en bewaringsinstellings sowel as 'n aantal vooraanstaande Suid-Afrikaanse wetenskaplikes.

Dié Advieskomitee het op 19 Februarie vir die

eerste maal vergader en het veral aandag gegee aan die beplanning van verdere wetenskaplike werk te Florisbad. Die navorsing te Florisbad is multidissiplinêr van aard en behels ondermeer geomorfologie (studie van oppervlakte van aarde) van die Soutpan/Florisbadomgewing, sedimentologie (studie van hoe afsettings gevorm word), palinologie (studie van fossiele stuifmeel), argeologie en paleontologie. ☉

Blaai om vir foto's.



Voor van links na regs: Prof. Hilary Deacon, Departement Argeologie, Universiteit Stellenbosch; mnr. G.J. (Obie) Oberholster, Hoofnatuurwetenskaplike beampte, Departement Nasionale Opvoeding; mnr. Hannes Oberholzer, Direkteur Nasionale Museum; dr. Elizabeth Vrba, Assistent-direkteur Transvaalmuseum en kenner van antilooptossiele; dr. Bob Brain, Direkteur Transvaalmuseum, W.N.N.R. verteenwoordiger; dr. Ron Clarke, in beheer van opgrawings by Florisbad.

Agter: Dr. André Keyser, Hoofpaleontoloog, Geologiese Opname, Departement Mineraal- en Energiesake; mnr. Johan Look, verteenwoordiger Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede; prof. G.D.B. (Pikkie) de Villiers, voormalige Vise-rektor, U.O.V.S. en lid Raad van die Nasionale Museum; Prof. Joey Coetzee, palinoloog, Instituut vir Omgewingswetenskappe, U.O.V.S.; prof. Rocco van Pletzen, Departement Dierkunde, U.O.V.S. en Voorsitter Raad van die Nasionale Museum; dr. Naas Bakkes, historikus, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing; prof. Nic Grobler, Departement Geologie, U.O.V.S., en lid Raad van die Nasionale Museum.



Dr Ron Clarke verduidelik aan lede van die Advieskomitee die een en ander omtrent die stratigrafie wat in die nuwe opgrawing blootgelê is.